# 16. Hoor die donkie
# *Numeri 22; dele uit 23:1 – 25:3; 31:1-15*


**Tema**
Pas op om mislei te word of ’n tweegesig te wees.

| **Agtergrond**<br>Die verhaal speel af op teen die einde van die volk Israel se reis na die Beloofde Land. Agter hulle lê 'n pad van dood, waarop diegene moes uitsterf wat nie geglo het dat die Here hulle veertig jaar vantevore met veiligheid in die land kon inneem nie. Die nuwe geslag is nou weer op die punt om die land binne te trek. Bileam se seën-uitsprake is dus seëninge deur die Here gegee met die oog op die toekoms.<br><br>Bileam lyk na ’n goeie persoon wat die wil van die Here soek. Wanneer ons die hele Bybel lees, sien ons egter hy word as ’n dwaalleraar en vyand van die Here se mense beskou. Sy naam word 'n simbool van verleiding (2 Pet 2:15; Judas v 11, Op 2:14). Waarom oordeel die Bybel so negatief oor Bileam? Wanneer Numeri 25:1-4 saam met Numeri 31:8, 15-16 (asook verduidelikings en parafrases uit die Joodse Targum) gelees word, blyk dit dat Bileam die oorsaak was dat die Israeliete deur Moabitiese meisies verlei is tot afgodery (Baäl-Peor). Miskien het hy vir hierdie raad toe wel ook nog 'n beloning van die koning van die Moabiete, Balak, gekry. Die Moabiete word hiermee ook tot vyande en gevaar vir Israel verklaar (vergelyk ook opmerkings by die aanbieding oor Rut).<br><br>Wat leer ons uit hierdie verhaal? Die Here laat nie toe dat sy volk vervloek word wanneer Hy hulle seën nie! Hy beskerm Israel teen vloeke, nog meer, hy draai vloeke om in seëninge! Vir die doel van hierdie aanbieding moet net die hooflyne van die verhaal vertel word. Uit die seëninge kan net enkele verse as voorbeeld gebruik word, byvoorbeeld 23:10; 23:19, 20, 24; 24:5-6; 24:17. | |
|---|---|
| **Bybelgedeeltes** | **Hoofgedagtes van die ontmoeting** |
| Vertel Numeri 22:1-21 in breë trekke | 1. Balak kry vir Bileam om Israel te vervloek. Bileam sê hy kan net sê wat die Here hom beveel ... |
| Vertel Numeri 22:22-27 en lees verder tot by vers 35 | 2. Die donkie en die Engel in Bileam se pad. |
| Vertel Numeri 22:26 – 23:6 en lees 23:10 | 3. Die eerste seën-uitspraak |
| Vertel Numeri 23: 13-17 en lees vers 19-20 en 24 | 4. Die tweede seën-uitspraak |
| Vertel Numeri 23:27 – 24:2 en lees vers 5-6 | 5. Die derde seën-uitspraak |


| | |
|---|---|
| Vertel Numeri 24:10-15 en lees vers 17 en 25 | 6. Die vierde seën-uitspraak |
| Vertel Numeri 25:1-3 en 31:1-3, 7-9 en 14-15 | 7. Bileam se raad aan die Midianiete … Moses straf die Midianiete. Bileam word doodgemaak |
| **Uitkoms**<br>1. Tweegesig-mense is gevaarlik. Hoe is ek?<br>2. Insig: God gebruik selfs so 'n 'tweegesig-mens'. Hy laat Hom nie afsit om sy mense te seën nie.<br>3. Waarskuwing: Pasop vir mense wat jou verlei met slinkse planne. | |

## Hulpmiddels by die storie

1. Verwys na Paneel 3 van die LP3-benadering.
2. 'n Skyfie of kaart van die pad waarlangs Israel getrek het.




3. Prent van 'n twee-gesig.



*Ene ore! Nuwe maniere* LP3 Jaar 3 © Jeugfokus 2014

## Hulpmiddels vir kleingroepvaslegging

| Junior kleingroep | Senior kleingroep |
|---|---|
| **Bring saam:** | **Bring saam:** |
| 1. ’n Papierbord vir elke kind<br>2. Kryte of koki’s om gesigte op die borde mee te maak<br>3. ’n Baie sterk kartonstrook of dun plankie om as steel te gebruik<br>4. Lym en/of sterk kramdrukker om die kartonstrook aan die papierbord se agterkant vas te maak | 1. Papiertjies met seënwense op<br>2. Penne of potlode |
| **Voor die tyd:**<br>1. Maak vir jou ’n kwaai gesig op die agterkant van ’n papierbord. Plak dit vas aan ’n houtsteel en hou dit voor jou gesig as jy die kinders groet. | **Voor die tyd:**<br>Maak papiertjies met seënwense op soos voorgestel by ‘Welkom’. Plaas dit in ’n houer sodat elke kind een kan trek. |

## Die storie

**Begin**

***Opmerking:*** *Hierdie verhaal kan baie lank wees – daarom moet die verteller net die eerste gedeelte in detail doen, en dan die res net in hooftrekke.*

Wat is ’n tweegesig? Hou julle van ’n tweegesig? (Laat die kinders ’n bietjie hieroor praat.)

Wys die prentjie van ’n tweegesig.

Dis darem baie sleg as ’n mens dink iemand is goed, en later vind jy uit hy het net gemaak of hy goed is. Dis sleg as jy dink iemand is jou maat, en later vind jy uit sy is glad nie jou maat nie, maar sy vertel lelike dinge van jou. Dis net so sleg as jy dink vir iemand sê jy gaan hom help, maar agteraf maak jy planne dat daar iets slegs met hierdie ou gebeur.

**Hoor**

- ***Moment 1: Vertel Numeri 22:1-21***

Vandag gaan ons van so-iemand hoor. Sy naam was Bileam.

Kom ons kyk op ’n kaart hoe die Here se mense (Israel) getrek het. (Verwys ook na Paneel 3 van die LP3-benadering). Hulle het uit Egipte getrek, tot amper in Kanaän. Toe was hulle mos te bang vir die reuse en het nie geglo die Here kan hulle laat wen en in die nuwe land intrek nie. Vir veertig jaar moes hulle toe in die woestyn rondtrek totdat al die ouer mense wat gedink het die Here is te swak om hulle te help, eers dood is. Nou is die kinders groot. Dis nou al weer amper tyd om in die nuwe land in te gaan. Hierdie keer trek hulle om die kant van die dooie see verby ander volke. Een van hierdie volke se naam was Moab. Hulle was baie bang vir Israel. Moab se koning se naam was Balak. Balak het toe gedink hy moet iemand soek wat ’n vloek oor Israel kan kom uitspreek. Hulle het gedink dan sal dit sleg gaan met Israel.

Hulle gaan soek toe vir Bileam. Ons weet nie presies wie Bileam was en wat hy geglo het nie, maar dit ly so op die oog af baie goed.

Toe Balak se manne by Bileam aankom en vir hom vra hy moet vir Israel kom vervloek, dan sal hulle hom geld betaal, het Bileam gesê hy wil eers vir die Here vra of hy maar kan gaan. Die Here verskyn toe aan Bileam en sê hy mag nie vir Israel vervloek, want hulle is geseën, d.w.s. die Here sal dit goed met hulle laat gaan.

Balak se boodskappers gaan vertel dit toe vir hulle koning. Koning Balak stuur toe nog belangriker mense om vir Bileam te gaan sê as hy Israel kom vervloek, sal hulle hom baie meer geld betaal. Weer ’n keer klink alles mooi goed: Bileam antwoord hy wil nie geld hê nie, en hy sal net saamgaan as die Here ja sê. Hy sê toe hulle moet oorbly dan kyk hy of die Here weer met hom wil praat.

Gevaar! Sien julle dit? Dit lyk of Bileam nie mooi gehoor het wat die Here die eerste keer gesê het nie. Hy wil kyk of die Here nie dalk tog van plan verander nie.... want miskien kan hy tog die geld kry...!

Nou toets die Here vir Bileam: “Gaan saam”, sê die Here’ “maar jy mag net sê wat ek vir jou sê.”

So saal Bileam toe sy donkie op en gaan saam.

Eintlik was die Here toe kwaad vir Bileam. Hoekom kom vra Bileam die tweede keer of hy Israel maar mag gaan vervloek? Nou gaan die Here hom ’n les leer.

- ***Moment 2: Vertel Numeri 22:22-27 en lees verder tot by vers 35***

’n Engel van die Here met ’n swaard gaan staan toe in die pad om Bileam te keer, maar Bileam sien niks. Dalk dink Bileam net aan ’n plan hoe hy tog daardie geld kan kry. Die donkie draai toe uit want hy sien die engel. Bileam slaan toe die donkie om hom weer in die pad te kry. Toe gaan staan die engel op ’n plek waar die pad op ’n nou plekkie tussen twee mure deurgaan. Die donkie skuur toe eenkant verby en druk Bileam se voet teen die muur vas. Wat dink julle done Bileam toe? Ja, reg! Hy slaan die donkie! ’n Ent verder gaan die pad toe op sou ’n nou plek tussen die mure deur, dat daar nie uitdraaiplek is nie. Net daar staan die engel toe, swaard uitgetrek en gereed! En wat maak die donkie? Hy gaan lê. Bileam was woedend en het die donkie met ’n stok geslaan! En toe ... laat die Here die donkie sowaar praat:

*Lees vers 27-35.*

- ***Moment 3: Vertel Numeri 22:36-23:6 en lees 23:10***

Koning Balak was so bly dat Bileam kom dat hy hom al op pad gaan ontmoet het, en hy vertel net dat hy vir Bileam baie sal betaal. Bileam sê weer hy kan net sê wat die Here sê hy mag.

Die volgende môre klim hulle toe ’n hoë plek uit waarvandaan hulle al die baie mense van Israel kon sien. Bileam sê toe hulle moet sewe altare bou en bulleen ramme vir die Here offer en dan sal hy eenkant gaan hoor wat die Here sê. So gemaak en so gedoen. Hier kom Bileam. Balak luister. En wat dink julle, wat hoor hy? Hy seën vir Israel. Kom ons lees net een stukkie hiervan:

Numeri 23:10. Bileam sê hierdie mense gaan so baie soos die stof wees en hulle einde gaan gelukkig wees.

Nou is Balak vies. Hy neem vir Bileam na ’n volgende hoë plek toe.

- ***Moment 4: Vertel Numeri 23: 13-17 en lees vers 19-20 en 24***

Presies dieselfde gebeur. Hoor wat sê Bileam:

Lees Numeri 23:1-, 20 en 24: Israel is soos ’n leeu wat sy prooi opvreet.

Nou weet Balak nie meer wat om te doen nie. Hy sê vir Bileam: “As jy hulle nie kan seën nie, moet jy hulle ook nie vervloek nie!”

- ***Moment 5: Vertel Numeri 23:27-24:2 en lees vers 5-6***

Toe neem hy Bileam na ’n volgende hoogte toe. En daar gebeur presies dieselfde. Lees vers 5-6.

- ***Moment 6: Vertel Numeri 24:10-15 en lees vers 17 en 25***

Hierdie keer jaag Balak vir Bileam weg. Vir oulaas sê hy vir Bileam dat hy hom baie geld sou betaal het...

Voordat Bileam huis toe gaan, seën hy Israel nog vir oulaas. Hy sê ook dat daar ’n ster opkom wat Balak se volk sal platslaan soos wanneer ’n mens iemand se voorkop flenters slaan / verpletter.

Lees Numeri 24: 17 en 25.

- ***Moment 7: Vertel Numeri 25:1-3 en 31:1-3, 7-9 en 14-15***

Wat dink julle het hierna gebeur? Israel trek toe verder, maar daar voor iewers kry hulle toe ’n klomp baie mooi meisies. Hierdie meisies was toe al die tyd van ou koning Balak se mense. Hulle is toe baie vriendelik met Israel se mans en... nooi hulle na plekke toe waar Balak se afgode met offers vereer word.

Die Here was toe so kwaad dat Hy vir Moses en die ander Israeliete gesê het hulle moet hierdie manne wat daar by die meisies en hulle afgode was doodmaak. Dis darem baie hartseer!

Later Het Israel toe oorlog gemaak te hierdie mense wat Israel wou vervloek en hulle gewen. In hierdie oorlog maak hulle toe ook iemand dood wat vir Israel se vyande raad gegee het. Weet julle wie dit was. Dit was Bileam. En wat se raad het hy vir Israel se vyande gegee? Dat hulle meisies Israel se mans na die afgode toe moes nooi.

Ek wonder of Bileam geld gekry het vir hierdie raad?

**Dink**

Oë toe! Dink aan Bileam. Daar staan hy op die hoogte en sê net wat die Here sê, maar wat gaan in sy hart aan?

Geld, geld, geld … enige iets vir geld. ’n Regte tweegesig!

**Leef**

Hoe kry ’n mens jou hart en kop reg, as jy net heeltyd dink aan geldmaak. As dit met ’n mens gebeur, is jy nie meer lief vir God se mense nie. Jy maak dan net of jy vir hulle lief is. Verder maak jy dan net planne om geld te kry, al is dit ook slegte planne vir God se mense.

Die Here het self met Bileam gepraat. Die Here het tot ’n engel met ’n swaard gestuur en ’n donkie laat praat om Bileam se hart om te keer. Dis ’n baie gevaarlike pad, sê vandag se storie vir ons.

## Kleingroepvaslegging: Junior groep

**Welkom**
Maak vir jou ’n kwaai gesig op die agterkant van ’n papierbord. Plak dit vas aan ’n houtsteel en hou dit voor jou gesig as jy die kinders groet. Wat is hulle reaksie?

**Wegspring**
Bind een kind se oë toe en gee aan haar ’n opdrag om na die ander kant in die vertrek te loop. Sorg dat daar ’n paar obstruksies soos ’n tafel en stoele in die pad is. Draai haar drie keer in die rondte en laat sy begin stap. As sy verkeerd loop, moet die groep skree: “Geld!” As sy reg loop, skree hulle “Seën”.

**Werksaam**
1. Teken op ’n papierbord vir jou ’n gesig soos jy nog altyd graag wou gelyk het. (Help hulle om gaatjies vir die oë te maak sodat hulle daardeur kan kyk. Lym of kram die steel aan die agterkant van die papierbord vas sodat ’n mens dit aan die steel kan vashou en voor jou gesig kan hou.)
2. Gesels nou saam oor hierdie vrae:
- Kan jy elke dag lyk soos jy graag wil lyk?
- Voltooi hierdie sin: My papiergesig hou die meeste daarvan om te sê …
- Laat hulle almal hulle maskers voor hulle gesigte hou en sê: “Kom ons vertel ’n stukkie van die storie van Bileam. Ons begin daar waar koning Balak se mense vir Bileam gaan haal het. Bileam is op sy donkie op pad na koning Balak toe. Wie gaan begin vertel?” Help hulle om beurte te maak en die storie te vertel.
- Voltooi nou ook hierdie sin: Dit is moeilik om met ’n masker op te praat, want …”

3. Bid hierdie gebed saam:

*Here, help my om ander mense baie lief te hê.*
*Here, help my om nie net altyd aan geld te dink nie.*
*Here, help my om nie ’n tweegesig te wees nie.*
*Here, help my om regtig te soek na u plan vir mense en hulle te help om dit te doen.*
*Here, help my ook om binne u plan te bly.*
*Amen.*

**Wegstuur/HuisGeloof**
1. Praat by die huis saam oor alles wat met Bileam gebeur het. Waarom was hy skynheilig?
2. Hoekom het die donkie die engel met die swaard in die pad gesien, maar Bileam nie? Wat wou die Here vir Bileam leer nog voordat hy by koning Balak aangekom het?
3. Dink julle Bileam het geweet dit is gevaarlik om die Here se volk (die Israeliete) te verlei om verkeerde dinge te doen? Was Bileam se oë oop om die gevaar raak te sien?
4. Hoekom, dink julle, het Bileam met toe oë deur die lewe gegaan? Wat was sy grootste probleem?

## Kleingroepvaslegging: Senior groep

**Welkom**
Laat elkeen wat inkom 'n seënwens uit 'n houertjie trek. Jy kan dit vooraf op klein papiertjies druk of skryf.

*Voorbeelde:*
Mag jy geseën wees om sommer baie 'n groot vriendelike glimlag te wys.
Mag jy geseën word om net mooi dinge van ander mense te sê.
Mag jy geseën wees om 'n baie getroue vriend te wees.
Mag jy geseën wees om altyd te kyk vir wie jy kan help.
Mag jy geseën wees om almal te vergeef wat slegte goed aan jou doen.
Mag jy geseën wees om aan volwassenes respek te betoon.
Mag jy geseën wees om alle bakleiery en onvrede te help stop sit.
Mag jy geseën wees om altyd goeie raad te gee.
Mag jy geseën wees om ander altyd moed in te praat.
Mag jy geseën wees om raak te sien as iemand seergekry het, en om dan te troos.

**Wegspring**
Skryf enigiets wat jy wil op die agterkant van jou papiertjie.

**Wonder**
Wat sal gebeur as ek dit wat op my papiertjie staan elke dag doen?

> **Nota**
>
> *Moenie hieroor praat nie. Laat hulle net met toe oë sit en dink.*

Sit so met jou oë toe en dink aan iemand. Aan wie laat jou seënwens-papiertjie jou dink?

**Werksaam**
1. Voltooi die blokraaisel in jou werkboek.
2. Antwoord dan die vrae:
    - Watter woord staan in die gekleurde blokkies as jy van bo na onder lees?
    - Wat beteken hierdie woord? (Dink aan die woord *verdwaal* en aan iemand wat ander leer.)
    - Hoekom word Bileam 'n dwaalleraar genoem?
    - Wanneer word ek en jy 'n dwaalleraar?

## Wegstuur/Huisgeloof

1. Praat saam by die huis oor die gevare wat ons in Bileam se verhaal raaksien:
   - ’n Mens kan ’n tweegesig wees.
   - Jy kan buite God se plan wees en nie raaksien waarmee Hy besig is nie.
   - Jy kan ander kinders van God verkeerde dinge laat doen, dalk sodat dit vir jou voordeel inhou.

2. Gesels saam oor hoe ons mekaar kan help om nie in hierdie gevare te beland nie.
3. Bid saam vir mekaar.